PUKKE!
vir al u kleurbaadjies
Johan Claassen Broers
(EDMS.) BPK.
Tel. 3612
POTCHEFSTROOM
Kerkstraat 92
Tak: Tomstraat 100

die WAPAD
Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.
In u lig sien ons die lig.
JAARGANG XXVIII WOENSDAG, 29 AUGUSTUS 1973 Nr. 1011

CACHET APTEEK
Groot genoeg om u te bedien
Klein genoeg om u te ken.
★
DIE STUDENTE-APTEEK

# VERKIESING

## KANDIDATE VIR S.R.-VOORSITTER



**P. (PIETER) MULDER.**

1970: M.A. Kommunikasiekunde.

1970: Alabama toergroep; P.U. O/20 rugby.

1971: P.N.B.-hoofbestuur; K.V.V.-hoofbestuur (Penningmeester); Alabama-bestuur (Penningmeester); Volkspele-bestuur (Organiseerder); N.P.-bestuur, (Sekretaris): P.U. O/20 rugby. )

1972: Studenteraad; Alabama-bestuur (Voorsitter); K.V.V. hoofbestuur; N.P.-bestuur (Onder-Voorsitter).

1973: Studenteraad; P.N.B.-hoofbestuur (Voorsitter); Huiskomitee (Over de Voor); N.P.-bestuur (Onder-Voorsitter); en A.S.B. Onder-President.

### BELEID.

**1. Algemeen:**

'n Studenteraad word verkies *uit* die studente, *deur* die studente en *vir* die studente om as hulle monstuk na buite sowel as na binne te dien. Hiervolgens het die Studenteraad 'n plig teenoor die studente maar ook teenoor die groter gemeenskap om die lewensuitkyk van die studente en die Universiteit na buite te laat geld.

**2. Studenteraad:**

'n Studenteraad se eerste plig en taak is teenoor die studentemassa wat hom verkies het. Hulle probleme en griewe moet vir hom van belang wees en moet hy na die beste van sy vermoë propbeer oplos; hulle belange moet hy behartig soos hy dit belangrik ag. In hierdie verband is ek ten gunste van 'n struktuurverandering van die Studenteraad om 'n meer effektiewe en meer vaartbelynde Studenteraad daar te stel. Ek is ook 'n voorstander van 'n damesverteenwoordiger op die Studenteraad en glo dat so 'n pos in ons struktuur ingepas kan word. .

**3. Studentelewe:**

Die meeste probleme wat in ons studentelewe ondervind word kan herlei word na twee woorde, nl. ontspanning en kommunikasie.

1. *Ontspanning:*

Ontspanning vorm 'n integrale deel van student wees. Moet ons nie ontspanning op die Puk vanuit 'n heeltemal nuwe hoek benader nie? Daar is so 'n groot veld van projekte en aksies wat A.O.B. kan aanpak — dinge wat by die studentemassa inslag sal vind. (Inlêfliek, set-set, trapkarwedren). Laat ons prakties raak met ontspanning en hierdie wye veld uitbuit.

2. *Kommunikasie:*

Lê meeste van ons probleme nie in 'n gebrek aan kontak en skakeling tussen student en Studenteraad, student en owerheid, student en koshuis-administrasie en student en senaat nie? Hoe kan ons dit ondervang?

Ek ondersteun heelhartig 'n besluit wat op die Bloemfonteinse leierskonferensie geneem is wat inhou dat S.R.-Voorsitters nouer kontak met hulle koshuise en studente moet soek. Koshuisbesoeke is hierin belangrik.

Die swak kontak tussen student en koshuisadministrasie kan op verskeie maniere opgelos word. (Studentedekaan of deur sitting op die beheerkomitee). S.A.B. kan weer poog om meer direkte kontak met die senaat te kry sodat akademiese probleme langs daardie kanaal onder hulle aandag sal kom.

**4. Studentepolitiek:**

In die tye waarin ons leef is die studentepolitiek steeds 'n belangriker faktor omdat dit nie net ons as studente raak nie maar ook 'n groot invloed uitoefen op die landspolitiek. Dit plaas 'n besondere verantwoordelikheid op 'n S.R. hoewel dit nooit oorspronklike denke en eie standpuntinname mag demp

● Vervolg op bladsy 8.

## STEM PROSEDURE

### WAAR KAN U STEM?

**A B K.K.**

Indien u stemreg het by A.B.K.K. en of op die Besembosredaksie, Wapadredaksie en Kuestareelingskomitee kan u vir die drie studenteraadsverteenwoordigers en die A.B.K.K.-hoofbestuur stem.

**K.V.V.**

Indien u stemreg besit volgens die stemreglyste kan u vir die drie Studenteraadsverteenwoordigers en die Korps-hoofbestuur stem.

**P.N.B.**

Indien u stemreg besit volgens die stemreglyste kan u vir die drie Studenteraadsverteenwoordigers en die P.N.B.-hoofbestuur stem.

**S.A.B.**

Indien u stemreg besit volgens die stemreglyste kan u vir die drie Studenteraadsverteenwoordigers en die S.A.B.-hoofbestuur stem.

**S.S.B.**

Indien u stemreg besit volgens die stemreglyste kan u vir die drie Studenteraadsverteenwoordigers en die S.S.B.-hoofbestuur stem.

**A.O.B.**

U kan by A.O.B. stem indien u of vir A.O.B. self stemreg het, of die karnavalkomitee, Pukkieredaksie en reklamekomitee was, of indien u stemreg besit vir ten minste een van die volgende hoofliggame: A.B.K.K., P.N.B., Korps, S.S.B. of S.A.B.

**S.R. VOORSITTER.**

Indien u stemreg besit vir ten minste een van die volgende hoof liggame: A.B.K.K., P.N.B., Korps, S.S.B., S.A.B. of A.O.B. dan mag u gevolglik ook stem vir die Studenteraadsvoorsitterskandidate.

● Vervolg op bladsy 3.



**FIKA VAN RENSBURG**

1970: O/20 rugby.

1971: K.V.V.-hoofbestuur. Bondsbode Redaksielid.

1972: S.R.-verteenwoordiger K.V.V.; Huiskomitee Skuur; Afgevaardigde na SR-Konferensie in Stellenbosch: Behaal graad B.A. (Propedeuties) met onderskeiding in Grieks en Latyn.

1973: Voorsitter van die Studenteraad; Ontvang Abe Bailey-Reisbeurstoekenning; Kandidaat: Grieks Honneurs; Locum tenens aanstelling in Departement Grieks.

1974: Kandidaat: M.A. (Grieks).

### BELEIDSVERKLARING

**1 Terugblik:**

Ons universiteit kom 'n lang moeilike pad. Ook die Studenteraad het deur die dekades hierdie selfde pad geloop. Vandag nog word daar gestry en het die pad nog lank sy einde nie bereik nie. Telkens is die aflosstok met verwagting oorgegee aan die volgende geslag, wat dit met geloofs vertroue en dankbaarheid ontvang, en onverbete voort stry in hierdie wedloop met die tyd en die Boosheid.

In hierdie wedloop waartoe ons geroep is, is ons 'n skakel. Ons moet hierdie aflosstok met behendigheid en vaardigheid han teer, en dit eindelik oorgee aan die volgende wedlopers.

Die pas versnel steeds, en die eise word groter — met roepingsbewustheid moet ons daaraan beantwoord:

**2 Toekomsperspektief: Vernuwing na binne:**

Die taak van die universiteit moet opnuut in perspektief gesien word: die mens moet nie alleen in die akademie geskool word nie, maar as volle mens moet hy ontwikkel en ontplooi word om des te beter aan sy geroepenheid te beantwoord. Tog bly akademiese vorming, skoling en navorsing in die wetenskappe die brandpunt.

Om bogenoemde ten volle in die praktyk te vergestalt, beoog ek om pertinente aandag te skenk aan die volgende knelpunte:

1. *Steeds groeiende studentetal:*

Die implikasies van die steeds groeiende studentegetalle word goed onder die oog geneem. Die uiters noodsaaklike struktuur- en metode-aanpassing sal ek ook in hierdie termyn voortsit. Die probleem van onbetrokkenheid, van onbekendheid en van kommunikasiegebrek moet oorkom word. Ek beoog om steeds te desentraliseer en die struktuur aan te pas by die nuwe behoeftes. Verder sal ek ook my amptelike besoeke aan die koshuise voortsit, aangesien die waarde hiervan — soos uit die afgelope termyn geblyk het — kwalik oorskat kan word.

2. *Koshuise:*

Ek beoog om te werk aan 'n sisteem wat die komitees groter doeltreffendheid sal verleen ten opsigte van die algemene inwoningsprobleme van die student. Die skynbare kommunikasiegaping wat daar bestaan, moet analiseer en oorbrug word. Indien dit in die koshuise goed gaan, sal dit met die Puk goed gaan!

3. *Dagstudente:*

Ek stel in die vooruitsig om samesprekings met die owerheid her op te neem wat betref die nouer inskakeling van die dagstudente. Die belange van die dagstudente word baie onbevredigend behartig. En dink in die rigting daarvan om vir die Dagstudentebestuur Huiskomitee status te bewerkstellig, wat onder andere sou inhou dat 'n huisvader ook hulle belange sal behartig.

4. *Eerstejaars:*

Die belangrikheid van oriëntering en dus inskakeling van die Eerstejaar kan nouliks bepaal word. Die latere ontwikkeling van hierdie persoon hang van die suksesvolheid hiervan af. Besondere aandag sal hieraan gegee word, aangesien dit bepalend vir die toekoms van die Puk is.

● Vervolg op bladsy 3

★ VIR AL U APTEKERSBENODIGDHEDE . . . . . .
. . . . . ONS KEN U BEHOEFTES
Die Bult Apteek
NOORDBRUG APTEEK (EDMS.) BPK.
Direkteure: Prof. M. C. B. v. R. v. Oudshoorn (L.A.V.)
Voorsitter; Dr. A. P. Goossens (L.A.V.); A. C. Dreyer (B.Sc.-Far ) (L.A.V.) en Andries G. Coetsee (B.Sc.-Far) L.A.V. (Besturend).

# ASTER

## Juwele — 'n kuns om dit te dra

**DIE DRA VAN juwele is voorwaar 'n kuns en voordat 'n dame juwele koop, is daar sekere aspekte wat sy in gedagte moet hou. Die eerste is haar beenstruktuur. Indien sy breë skouers en vierkantige wangbene het, sal sy moontlik sterk gewrigte hê, terwyl 'n fyn geboude gewoonlik dun vingers en smal gewrigte het. Groot juwele steek dus die skraal geboute dame weg, terwyl 'n groot geboude dame haar postuur beklemtoon as sy 'n klein borsspeld of ring dra.**

Die basiese keuse van juwele hang dus eerstens van 'n vrou se eienskappe af. Daar is hoofsaaklik drie tipes dames, nl. die klassieke, gesofistikeerde en die petite-tipe dame. In elke van hierdie groepe is die vorm van die gesig die volgende oorweging.

By die ovaalvormige gesig is die nek dikwels langer en oorkrabbetjies met hangertjies, wat nie te breed is nie, sal die afstand tussen die oor en skouers breek. Pasop egter vir te lang en te breë hangers, want dit sal die draer ouer laat lyk.

Die tipe oorkrabbertjie wat gedra word, hang geweldig baie van die vorm van die gesig af. 'n Lang, skraal gesig kan voller lyk, deur oorkrabbertjies met 'n breë basis, wat opkrul na die boonste gedeelte van die oor, bv. 'n blaarvormige oorkrabbertjie, te dra. 'n Ronde gesig het weer 'n oorkrabbertjie nodig wat teen die gesig gedra word, bv. groot halfsirkelvormige oorkrabbertjies. Dames met 'n ken wat „swaar" vertoon, kan 'n hangende oorkrabbertjie dra met hangers wat ryk en vol vertoon.

Die gelaatskleur is 'n verdere belangrike aspek. 'n Dowwe, kleurlose gelaatskleur kan verhoog word deur oorkrabbertjies en 'n halsnoer met verskillende kleure edelgesteentes te dra. Feitlik enige gelaatskleur kan verbeter word deur die sagte rooi glans van 'n robyn ('n rooi saffier sal miskien die sak van die studentenooi pas).

Die haarkleur speel 'n belangrike rol by die keuse van juwele. Die nooi met bruin hare moet oorkrabbertjies van pêrels, diamante of wit saffiere te die gesig dra. Ook topaas, van goud-geel tot wyn-rooi, is ideaal. Vir die dame met donker hare en blou of grys oë, is 'n kombinasie van akwamaryn of topaas met saffiere, die beste keuse. Vir die rooikop met 'n ligte gelaatskleur sal die groen van die smarag, die helderblou van die saffier en die violetkleur van die ametis die vleiendste stene vir oorkrabbertjies wees.

Robyne, ametis, akwamaryn sal vir die blondine met 'n ligte gelaatskleur wondere verrig. Indien die hare baie lig is, dra saffiere, akwamaryn, topaas, turkoois en robyne. Die dame met blou of grys oë, behoort diepblou saffiere en die dame met donker oë, robyne en saffiere te kombineer.

Dames, u moet daarop let om nooit te veel juwele te dra nie en nooit antieke en moderne juwele te kombineer nie. Die moderne juwele het 'n hoër glans as die antieke juwele.



Foto bo: Die dames wat aan Oosterhof se modeparade deelgeneem het. V.l.v.r. Christa Goosen, Retha Bezuidenhout, Magda Kruger, Ilse Pellisier, Salome Brits, Anette Human. *Fotokuns.*

# Modeparade

**AL GEHOOR van die koshuis op die hoek met die naam Oosterhof? Ja, natuurlik, veral na die groot fees wat ons Maandag, 13 Augustus in ons eetsaal gehou het.**

Nadat formele uitnodigings aan al die manskoshuise gestuur is, het ons 'n lentegeselligheid met 'n gepaardgaande modeparade aangebied.

Dit was 'n gewerskaf van 'n ander wêreld. die Maandagmiddag, maar toe plus minus 80 manne die aand opdaag, was die eetsaal omskep in 'n lentefeestelikheid van blomme en kerse.

Die mannekyne het uit ons eie geledere gekom en Cecile Kirchner was die aankondigster. Op maat van ligte orrelmusiek het die ses mannekyne die fraaie lentemodes van „Cachet Modes" vertoon. Die interessantste van die hele modeparade was dat die hele aksie gebasseer was op sleep. Sleep op die kampus, in die biblioteek, by die dam en natuurlik die skiet vir een van die belangrike dinees wat volg.

Soos menige sleepaksie eindig, (of hopelik die meeste!) het Annelie Malan en Louis Pienaar die modeparade afgesluit toe hulle op maat van die troumars die saal binnegekom het. Annelie was geklee in 'n bruidestabberd deur „Betnor-Bruidsuitrusters" van Klerksdorp, wat die manne sowel as die dames na hulle asems laat snak het.

Almal is daarna hartlik uitgenooi na die onthaal en ons het heerlik weggelê aan die melktertjies en koeksisters. Die kersie op die koek was dat ons solank begin geesvang het vir Intervarsity en almal heerlik saamgesing het en die aand so op 'n hoogtepunt afgesluit het.

Die manne is „opgetrek" met Oosterhof en ons voel trots dat Oosterhof weereens bewys het, dat ons nog al ons „Oosterse vroulikheid" besit wat van ons die asters op die kampus maak.

# H E L P !

**MET 'N VERSTAND net genoeg vir 'n vier-plus jaarpunt omdat ek mis „gespot" het, is daar iets waaroor ek nie duidelikheid het nie. Ek is nie verkramp nie en ek is mal oor dans — so moenie my verkeerd sien nie. Maar graag wil ek net wonder of net ek dink wat ek dink.**

„Ek gaan volgende jaar Tuks toe, Puk is te dood" — Hierdie woorde weergalm oor die kampus. Kom ons loop nou agter hierdie „uigesprokene" en kyk wat hy doen.

In die eerste plek sleep hy so te sê elke dag. Hy is nooit by P.N.B. of 'Korpsvergaderings nie, jy sien hom net op elke dans. Miskien gaan trek hy as nasionalis, natuurlik man eks'-g'n-kafferboetie-nie, sy kruisie op Stemdag terwyl hy nie die PNB se voorsitter )ken nie. Ja, hy gaan gereeld kerk toe, hy en 'n sleep, maar dis die naaste wat hy aan sy kerklike vereniging kom, wanneer daar vergaderings afgekondig word. Hy gaan die eetste aand vlotbou toe, soek 'n aster uit en vir die res van die week fliek hy of kyk hy na die ander vlotte wat gebou word. Hy gaan nie inter-tees toe nie, want dis kinderagtig en nie bedoel vir „vasslepers" nie. Soms om eet hy net die verversings op as hy honger is, maar omdat hy nog moet gaan „werk", beter hy liewer vroeg loop.

Saans staan hy gou-gou aan eettafel op voordat „daardie tokkelok" sy „storie insit" want hy moet nog gaan tandeborsel voor die groot sleep. En as hy vanaand nie 'n sleep-aksie beplan het nie, gooi hy gou-gou sy baadjie oor die 'skouers as daar gelees en gebid word. En daardie mond waarmee hy altyd die eerstejaars verskreeu of in massavergaderings tussenwerpsels gooi, neem die grote van 'n tiekie aan, dit wil sê, as hy nie tandpyn het nie.

Hulle kies hom vir H.K., omdat hy so stil en stemmig is en nooit die arme eerstejaars verskreeu nie — en as hy op die H.K. kom, bly hy nie net stil en stemmig nie, maar gaan lê hy ook sommer nog op 'n hoop.

Hy gaan „sing-songs" toe en speel te heerlik slangetjies, maar sjoe, dan is hy so moeg en lus vir 'n koeldrank by die „roadhouse" dat hy skoon van die Studenteparlement vergeet. As hy in die kamer kom vanaand frommel hy die kennisgewing van die parlement, wat hy nou eers lees, en gooi dit miskien in die asblik. En hy is so verveeld nou, hy dink hy gaan maar saam met sy tjoms geesvang by die asters — want dis mos Intervarsity!

Vrydae dra hy 'n breë belt „bell-bottom" broek en op Intervarsity staan hy breë bors met sy Puk -baadjie op een been en hy sing:

„Dis hier waar ons studente leer,


Tradisies van ons volk te eer,
om mense uit een stuk te wees
gesond na liggaam en na gees . . .
Skoon gaan die toekoms voor ons oop

Trou deur die nag die koers gerig,

Want in U lig, want in U lig,
sien ons, sien ons (ek?) die Lig."

—o—

Dames, ons vra graag reaksie, om van nou af elke keer een of twee briewe op ons damesblad te plaas oor sakies wat net ons aak. Dit hang van julle af of




# HERA


### WARM SPAANSE RYSSLAAI

1 groot gekapte ui.
1 koppie rys (rou).
1 koppie gekerfde groenboontjies (rou).
2 tamaties in skywe gesny.
2 eetlepels botter.
Sout, rooipeper, neut.

Smelt botter in groot kastrol. Voeg uie by en laat braai tot deurskynend. Voeg dan rys by en laat bruin braai. Voeg die groenboontjies, tamatie, sout, rooipeper en twee koppies kookwater by. Strooi laaste die neut oor. Laat stadig prut vir ongeveer 2 uur of tot die rys sag is.

Hierdie slaai kan saam met slegs lekker gebraaide vleis opgedien word. Dit verskaf 'n heerlike maaltyd sonder veel moeite.






Wel Pukke, naas Karnaval en Intervarsity betteur ons nou die heel interessanste deel van die jaar. Dis mos weer Verkiesing! Nou is dit tyd om te gesels en te groet. Nou is dit tyd om daardie mede-student, wat die hele jaar dusver eintlik vermy was, te laat voel dat hy deel uitmaak van 'n uiters bevoorregte groepie studente. Nou is die tyd om met sielkunde, soos sigarette en geselssies, die „gewone" student te laat voel dat jy die regte man is vir die taak. Dat die vorige persoon in daardie posisie goed was, maar jy eintlik „gestuur" is om daardie taak te verrig (aldus die aspirant-S.R.-lede).

Jy gaan 'n roerende stukkie letterkunde kwytraak in jou beleidsverklaring, waarin jy jou dit ten doel stel om die studentemassa se belange op die hart te dra, as hulle vir jou stem, maar het jy dit erns met die saak? Glo jy werklik dat jy bekwaam is om daardie pos te vul, of is dit net jou soeke na status en prestige wat jou daartoe beweeg om die hele studente-massa om die bos te lei sodat hulle kan sorg dat jy daardie posisie beklee? Gaan jy nie sodra jy verkies is, vergeet van daardie beleidsverklaring van jou nie? Sal jy werklik van so 'n agterbakse manier gebruik maak om jou doel te bereik?

Pukke ons kan nie keer dat sulke persone vir die verkiesing staan nie, maar ons kan verhoed dat hulle verkies word. Hoe? sal julle vra. Dit is dood eenvoudig: stem slegs vir daardie persoon wat jy oortuig is, het die potensiaal om daardie belangrike taak te verrig. Nie vir daardie man wat net voor die verkieing vriendelik g eword het nie, maar vir hom wat wys dat hy 'n mens is wat waarde heg aan wat alreeds vir die student gedoen is en dat dat hy bereid is om o ok sy deel by te dra. Stem vir wat die man werd is en nie vir sy oulike glimlag of dramatiese beleidsverklaring nie. Stem net vir die man wat jy persoonlik dink in staat en bereid sal wees om daardie belangrike werk te doen. Vergeet van alles wat die ander gaan sê en bring jy net jou stem op 'n verantwoordelike wyse uit.

As elke student wat gaan stem net 'n oomblik wil stilstaan en dink: Hy is 'n gawe persoon, maar wat het hy al gedoen as student. Kan ek hom met so 'n ernstige en belangrike taak vertrou? Wat het hy al eintlik vir die studente-massa, vir my persoonlik dus, beteken? Dan, en dan alleen sal jy die regte man kies.

Pukke, ek doen 'n ernstige beroep op julle: Dink as julle gaan stem. Laat ons vir 'n oomblik van koshuis-chauvinisme vergeet en laat ons stem vir die beste man — ongeag uit watter koshuis hy kom. Laat ons 'n negatief-stemmery vergeet, want dan kom die tweede of derde beste man in. Stem vir wat die man is, sy potensiaal en sy bereidwilligheid om vir die studente-massa te werk. Vergeet wie hy is en waarvandaan hy kom. Dan sal ons 'n Studenteraad kry wat bereid sal wees om die belange van die massa op die hart te dra en om te werk vir die student. Dan sal daar manne wees, wat nie sodra hulle gekies is, vergeet dat die massa hom daar gestel het nie. Dan sal ons nie mense kry wat sê: „Die massa het my klaar gekies. Ek het bereik wat ek wou. Waarom sal ek my dan tog verder aan die massa steur!"

Asseblief mense, laat die stemmery in 'n ernstige lig gesien word en laat ons saamwerk om net die beste manne daar te kry.

Groetnis,
REFLEKTOR.

# OOR DIE ONDERDEUR

Dagsê Pukkies!

Pukke! Dis iets ysliks. Die titel van die stuk was nie verniet "*Vonkel in haar oe*". Sowat van nuwe sleepaksies en menige pare oë wat vonkel sal mens nie aldag kry nie!

**Suzetta van der Westhuizen** was nou wel **Theunis Eloff** se ma vir die opvoering, maar weg van die spel is dit egter beslis **Theunis** wat die leiding neem.

**Jan van Niekerk** en **Marthie van Niekerk** het ook blykbaar baie meer in gemeen as net hulle vanne en die Thalia sangkoor want hulle was die koorsblaarpaartjie van die toer! Verder is **Jan** 'n toekomstige tokkelok en **Martie** se pa is een.

**Casper Kempff** en **Mariaan van der Walt** se saam-saam gewerk aan die beligting het toe gelei na 'n nuwe sleepaksie!

Maar **Lena du Plessis** en **Sam Pellisier**! Mense, ek staan nog steeds verwonderd. Weet iemand dalk wat is die trappe van vergelyking vir 'n blitsige romanse? Wel ,ek dink dit is blitsig, blitsiger, **Sam** en **Lena**!

Erger deurmekaar spulletjies sal mens nie gou weer vind. — Dit oortref selfs ons eetsale se idees van "mixgrills".

**Andrew Deacon** en **Salome Jacobs** kuier . . . en kuier ook nie, **Marietha Nortje** en **Koos Howl** sien mens, en dan weer nie; Pukke, dis 'n „opregte" deurmekaar slepery wat ontstaan het na die Thalia-toer.

**Leonora van Schaik** en **Pierre Langenhoven** is egter van die meer stabiele slepers, soos ook **Marius Schalekamp** en **Susan Venter**

**Elsa Hechter** moes maar Thalia-weduwee speel want **Nico van der Walt** het al singend saamgetoer.

Ander voel weer hulle name moet ooreenkomstig toon en toe't **Bossie, (Nico Boshoff)** maar **Johanna Schutte** se naam verander na **Dassie**

**Tina Bronkhorst** bly nog die fokuspunt vir **Hannes Myburgh** se „spotlight. Al wanneer hy dit wegdraai is as ons plattelandse dorpe se elektrisiteit die gees gee.


Verder wil ek Thalia geluk wens met hulle opvoering van Gerrit Beukes se „*Vonkel in haar oe*". Dit was 'n fees van humor. **Prof Bingle** het glads driemaal die opvoering bygewoon.

Baie groetes,
EKKE.

# VANJAAR SE MENSE

## *Hierdie berigte is persklaar gemaak deur L. H. van Schaik*

## Redakteur 1973


**Foto: Japie Robbertse** *Fotokuns.*

**LANGS hierdie weg wil ons namens alle Pukke 'n woord van dank rig aan mnr. Japie Robbertse, hoofredakteur van die Wapad. Met twaalf Wapaaie agter die rug kan hy terugkyk op 'n baie suksesvolle termyn.**

Om hoofredakteur van die Wapad te wees is nie altyd dankbare werk nie en is waarskynlik een van die veeleisendste poste in ons studentelewe. Mnr. Robbertse het in verskeie opsigte 'n moeilike jaar gehad. Hy moes namens die Pukke standpunt inneem oor 'n hele aantal kontroversiële sake wat deur die jaar plaasgevind het. Die Wapad se standpunt oor Nusas en die inperkings het wye reaksie uitgelok en is selfs gunstig aangehaal deur die dagbladpers. Mnr. Robbertse kan ook trots wees op die Intervarsity Wapad en die blitsreaksie van sy kant af op die Krogman voorval. So kan ook die beriggewing oor die A.S.B.-kongres genoem word.

Die studente vorm 'n belangrike deel van die studentelewe. As mondstuk het dit 'n invloed op die gees en rigting van die kampus. Die hoofredakteur en sy redaksie se rol daarin moet nie onderskat word nie.

In 'n onderhoud met die redakteur het hy gesê dat hy die werk baie aangenaam en interessant gevind het . Langs hierdie weg wil hy graag sy mederedaksielede bedank vir die ywer wat hulle aan die dag gelê. Ook die redaksie se dank aan Piet Ebersohn, Piet Fotokuns en Interad en die drie dames van Oosterhof vir hul bydrae tot die kunsblad.

# WIE SE LENS?


. . " **HULLE vergeet mos dat daar iets is soos senioriteit bokant hulle. Nee man, hulle is mos al 'n hele jaar op die plaas. Daar is mos geen verskil tussen hulle en 'n vyfde of sesde jaar nie** "

„ . . . **Ek gaan die stoute skoene aantrek deur te sê dat minstens sewentig persent van al die dames op die Puk is ver (ja, ek becoel ver) oorgewig . . .** "

Herken u hierdie aanhalings? Wel, dit is vanjaar deur mnr. Maans van Zyl behartig. .....

As die man wat die klippe in die bos moes gooi het hy beslis daarin geslaag om orals reaksie uit te lok.

In 'n onderhoud met mnr. Van Zyl het hy gesê dat hy geen kwade gevoelens koester jeens die dames, tweedejaars of S.R.-kandidate nie! Dit was vir hom 'n voorreg om langs hierdie weg ook sy bydrae tot die studentekoerant en studentelewe te kon maak.


**Foto bo: Maans van Zyl.** *Fotokuns.*

# FIKA VAN RENSBURG

● **Vervolg van bladsy 1.**

5. *Ontspanning:*

Hierdie saak skreeu steeds om aandag onder die veranderende omstandighede en tyd. Ontspanningsgeleenthede moet nie alleen geskep word nie, maar die studente moet ook daarvoor geaktiveer word.

6. *Karnavalwinste:*

Ek beoog om my verder daarvoor te beywer dat die SR 'n eie welsynsorganisasie in die lewe roep, met die implikasie dat die karnavalwinste deur onsself omgesit word in naastediens. Ons besit die mannekrag hiervoor en die omgewing van Potchefstroom leen hom baie goed daarvoor. Ek sal dus steeds alles in my vermoë doen om P.R.O.M.P.U. (hulpprojek in Promosa) te laat gedy. ,

7. *Die ware PUK-wees:*

Juis die feit dat ons nie gekanformeer het nie, het die PUK gemaak: In woord en daad moet ons ons "andersheid" uitleef. Ons moet egter nie die tradisie, dit wat oorgelewer is, as norm neem nie, maar juis daarin die normeis soek, en dit in die huidige situasie toepas. Om PUK te wees is nie om tradisionalisties te wees nie, maar om hier en nou "in U lig" werkli te lewe . . . en te heers. Dit is die wese van PUK-wees.

**2. Toekomsperspektief: Daadkrag na Buite:**

1. *Geroepenheid van die Student:*

Die roeping van die student is om te staan in die brandpunt van die vraagstukke van ons tyd, om hulleself daarvan te vergewis en akademies daaroor te besin. Ek onderneem om alles in my vermoë te doen om dit steeds te bewerkstellig dat die Puk-studenteraad op die nasionale terrein en in besonder die van die studentepolitiek 'n prominente en leidende rol speel. Ons mag en sal nie net toeskouers bly nie in hierdie bedeling wat so pregnant is met die tekens van die tye nie.

● **Vervolg op bladsy 9.**


**Foto Bo: Annelie Barnard, 'n Farmasiestudent van Karlien het vanjaar „Oor die Onderdeur" behartig.** *Fotokuns.*

# *Prosedure*

● **Vervolg van bladsy 1.**

**HOE STEM U?**

Volledige besonderhede sal bo aan elke stembriefie verskyn oor hoe daar gestem moet word. Onthou dat u geen kruisie op die stembriefie moet maak nie, maar dat u keusefolgorde in nommers aandui. Bv. indien daar uit 10 kandidate 4 persone gekies moet word, dan nommer u 4 nommer 1's en daarna van 5 tot 10.

Op Woensdag 5 September 1973, vanaf 9 vm. tot 7 nm. in die Totius-gedenksaal.

**A. VORSTER APTEEK**

(Frans Nel, B.Sc. Far .)

●


OKTRONGEBOU LOMBARDSTRAAT

●

***Skakel ons vir vinnige aflewering***

# KANDIDATE


## A.B.K.K.



**FRANS ARNOLDI,**
1970 (Voltooi B. Juris in 1972). Ll.B.I.
1970: Sekretaris Skaakk ub. Wapad-Redaksie.
1971: Voorsitter Skaaklub. A.B.K.K.-Bestuur.
1972: Voorsitter Skaaklub. A.B.K.K.-Bestuur.
1973: Lid Kuesta-Reëlingskomitee. A.B.K.K.-Bestuur. Alabama-Toerlid.

In geval van my verkiesing sal ek poog om die positiewe werk wat reeds t.o.v. interne en eksterne studenteverhoudinge gedoen is, voort te sit vir sover dit binne my vermoë is. My volle steun gaan aan die belange van medestudente, ons universiteit en die werksaamhede van die A.S.B.

---



**HORST-PETER BUTOW,**
1970 R.D.S. II (Regte).
1970: Lid Alabama Studentegeselskap.
1971: Lid Alabama Studentegeselskap. Koshuisafgevaardigde Interkoshuis Sêrkompetisie.
1972: Alabama-Bestuur. Koshuisverteenwoordiger. Lid Orkeskompetisiekomitee.
1973: Voorsitter Alabama Studentegeselskap. Hoofbestuur A.B.K.K.
1974: Voorsitter Alabama Studentegeselskap.


As verteenwoordiger behoort 'n Studenteraadslid wedersyds voordelige kontak tussen alle universiteite en studentegroepe aan te moedig.

Die eerste verantwoordelikheid van 'n Studenteraadslid is om studenteaangeleenthede doeltreffend te organiseer. By standpunte en menings van watter aard ook al, sal 'n Studenteraadslid aldus rekening moet hou met die eie aard van die studente.

Intern verg die student se belang primêre aandag:
1. Studentesentrum
2. Verbetering van geriewe vir die student en naweek-ontspanning
3. Behoud van 'n intervarsity
4. Die belangrikheid van dagstudente se deelname aan studente-bedrywighede
5. 'n Beter benutting van fondse deur die Studenteraad aan die Hoofliggame toegeken.

Ek sal poog om besluite rasioneel en op grond van eie oortuigings en beginsels te neem.

---



**G. A. (GEORGE) LOTTER,**
1969, B.A. III.
1971: Ondervoorsitter J.V. Theofilus.
1971/72: Lid van Potchefstroomse Tak van S.A. Kunsvereniging.
1972: A.B.K.K. Interkoshuiskomitee. Alabama Studentegeselskap. P.U. Sangfeesreëlingskomitee. Dagstudente Bestuur. T.S.V. Propaedeute Komitee.
1973: P.N.B. Koshuisverteenwoordiger. A.B.K.K. Interkoshuiskomitee. Kuesta '73 Voorsitter: Kunsfees. Dagstudente Bestuur: Sekretaris. Redakteur van die jeugblad „Die Bondsbode".

Die A.B.K.K. ontwikkel binne 'n vaste struktuur.

Graag wil ek my beskeie deel doen in daardie ontwikkeling.

My motiewe: om God te dien en my medestudent daarnaas.

---




**FANIE MULDER,**
1971, B. Juris (Lettere).
1971: B. Juris (Lettere). Volkspeletoer.
1972: Volkspele bestuur (organiseerder). Volkspeletoer.
1973: Volkspele bestuur (penningmeester). Retoriese Vereniging bestuur (penningmeester). A.B.K.K. hoofbestuur. Toerekomitee van A.B.K.K. Sentrale Reëlingskomitee van Kuesta '73. A.B.K.K. afgevaardigde na A.S.B. Aktualiteitskonferensie (Allemanskraal).

As Afrikaner beywer ek my vir die handhawing van kultuursake en dit is my begeerte om my op hoër vlak hiervoor te beywer. Die Puk is die leidende Universiteit op kulturele gebied — veral met betrekking tot die Afrikanerkultuur.

Die A.S.B. is die kern van die Afrikaanse student en daarom ondersteun ek die beleid van die A.S.B. en sy hoofbestuur heelhartig.

Met my oog gerig op my Skepper glo ek dat ek met sukses my taak sal kan volvoer.

---



**HERCULES SWART,**
B.Comm. 1970.
1970: Alabama.
1972: Alabama.
1973: Alabama. Filateliste Vereniging (Voorsitter).

A.B.K.K. is 'n steeds groeiende liggaam wat vra om verdere uitbouing. Ek beywer myself om op kulturele gebied diens aan my mede Puk-studente te lewer ter bevordering van die A.B.K.K. ‚die S.R. asook op interuniversitêrevlak, nl. die A.S.B. Deur die samewerking van elke Puk-student moet ons sorg dra vir verdere uitbreiding en identifisering van die taak aan ons opgedra.

Mag ons alleen op God vertrou en in Sy Woord die nodige motifering vind vir die suksesvolle uitvoering van ons pligte.

---



**FRANS VAN DYK,**
Th.B. I.
1972: Besembosredaksie. Skuur-huiskomitee. Volkspeletoer — S.R. verteenwoordiger. Nasionale Studenteraad vir Volkspele en Volksang.
1973: Besembosredaksie — Sub-redakteur. Skuur — huiskomitee. Korpssel — Skuur. P.N.B. hoofbestuur — koshuisverteenwoordiger. Volkspelebestuur — organiseerder. Nasionale Studenteraad vir Volkspele en Volksang. Waarnemer — A.S.B. kongres.

Met die oog steeds na Bo gerig stel ek my die volgende ten doel:
1. Die positiewe uitbouing van ons kulturele erfenis deur die Puk-studente meer bewus te maak van, en te betrek by, kulturêle aksies op ons kampus.
2. Om na die beste van my vermoë te help met die deurvoering van die desentralisasie van P.N.B.-aksies, om sodoende die studente se denke polities al hoe meer te prikkel.
3. Om die doelstellings van die A.S.B. uit te leef en bekend te stel by ander studente.

---

**STEM VROEG**



**E (ERIC) VAN DER WALT,**
1972 B.Juris II.
1972: Dalrymple-Stellenbosch. W.-Tvl. Atletiek.
1973: Dagstudentebestuur. Atletiekbestuur. Voortrekkerbestuur. A.S.B. waarnemer — Stellenbosch.

Net so belangrik 'n student se stem, regte en voorregte vir hom weeg, so 'n groot voorreg is dit om as voornemende kandidaat vir A.B.K.K. en S.S.B. te staan teen die agtergrond van ons leuse: „In U Lig".

## A.O.B.



**J P (JOHANNES) BINGLE,**
1969, Th.B. II.
1970/71: T.S.V.-bestuur.
1971/72: Sentrale Karnavalkomitee:
1973: „Goue Kandelaar" — redaksie (sekretaris).
1973/74: Sekretaris T.S.V.

Voor Studenteraadsverkiesings het dit al 'n gemeenplaas geword vir kandidate om te sê: „My enigste motief is die diensm tief". Tog wil ek hierdie woorde met die grootste klem voorop stel.

Verre is dit ook van my om enige pretensies te hê omtrent die uitslag van die verkiesing, maar indien ek verkies word, sal dit vir my 'n voorreg wees om op akademiese vlak (S.A.B.) of op die gebied van georganiseerde studente-ontspanning (A.O.B.) die Pukke se belange te behartig.

Ek onderskryf van harte die beginsels van hierdie calvinistiese christelik-nasionale Universiteit, en alles besien en doen ek „In U Lig".


**Potchefstroom se Afrikaanse Padkafee**

•

U KEN ONS

**BAILLIEPARK PADKAFEE**

**By die Johannesburg- en Paryspad aansluiting.**


•

DUS:

WAT DOEN U AS KOSHUISKOS VERVELIG RAAK?

KOM ONDERSTEUN 'N AFRIKAANSE SAAK

**Onder persoonlike bestuur van Oom Jan Aucamp.**



**CHRIS HATTINGH,**
Th.B. I 1970.
1971: A.O.B.-hoofbestuur.
1972: A.O.B.-hoofbestuur.
1973: A.O.B.-hoofbestuur.
1972: Sentrâle Karnaval komitee.
1973: Sentrale Karnavalkomitee.
1974: Voorsitter Sentrale Karnavalkomitee.
1973: Huiskomitee Makouvlei.
1973: K.V.V.-hoofbestuur.

Elke student lê eintlik jaarliks twee eksamens af. Hy moet hom akademies verantwoord maar aan die anderkant moet hy ook bewys lewer of hy ten volle saam met sy mede studente kan ontspan en dit ten volle geniet. Eers wanneer die student albei die eksamens geslaag het, kan hy sê dat die jaar vir hom suksesvol was. Die stelling is ook nie vergesog nie. Eers wanneer jy behoorlik kan ontspan, kan jy jou behoorlik inspan. So sal dit ook wees in die professionele loopbaan na die universiteits-opleiding. Studente kry dus op die universiteit reeds die geleentheid om reg te leer ontspan.

Aan die anderkant is ontspanning in groepsverband, 'n bouer van persoonlikhede, 'n Student wat saam met mede studente werklik kan ontspan en dit geniet ontvang daardeur 'n vorming wat hom ver bokant die student plaas wat slegs agter sy studeertafel vassit.

Deurdat studente saam ontspan, word daar 'n gees op die kampus gebou. Studente en skoliere oorsee is almal individualiste. By oorsese universiteite en skole bestaan daar nie iets soos in kampus gees nie. Om 'n kampusgees te bou is op die rekening van die studente en dit kan alleen geskied deurdat die studente saam georganiseerd ontspan.

Ontspanning is dus nie net maar 'n middelmatige saak nie. Ontspanning is ook ons Godsdiens, dit is deel van ons diens aan God. Immers, mens is vir jouself verantwoordelik dat jy geestelik gebalanseerd en liggaamlik gesond bly. Dit is een van jou roepinge.

Alleenlik 'n A.O.B. wat die erns van die saak besef kan gemotifeerd wees om volledige ontspanning aan die studente te bied. Ironies; ons moet nou ernstig word en begin ontspan en dit ooreenkomstig die gees van die P.U. vir C.H.O.

---




**MEJ WILLEMIEN JERLING,**
1971, B.A. III.
1971: P.U.-Koor.
Volkspele.
1972: Korps Hoofbestuur.
Colamus-bestuur.
P.U.-Koor.
Wapad Redaksie.
1973: Florna — Sekretaresse.
Huiskomitee: Klawerhof.
Kropsselbestuur: Klawernooi.
Karnavalkomitee.

Die feit dat ek hier praat, behoort te wys dat ek bereid is om te werk vir dit wat ons almal voel: 'n Massa-op-'n- afstand; gebrek aan naweekontspanning wat lei tot 'n uittog van studente wat hul vinding rykheid en energie op iets anders gaan uitstort.

Oorspronklikheid in ooreenstemming met ons behoeftes, kon sekwensie in die deurvoering van pogings en planne, sal Pukbestaan in Puklewe verander, omdat mense dan kan ontspan en geniet in 'n atmosfeer van dis-my-plek-met-my-soort-dinge, onder die unieke hoofopskrif „In U Lig", soos wat net ons dit wil hê.

---



**BRAAM LE ROUX,**
1970. B.A.
1971/72: Kinepuk O/Voorsitter.
Reklamekomitee Voorsitter.
Karnavalkomitee.
J.V. Salem O/Voorsitter.
Waarnemer A.S.B. Kongres.
1972/73: Florna Voorsitter.
Karnaval '73 Lid vir konserte.
A.O.B. hoofbestuur.
1973/74: Karnavalkomitee.

Hierdie hoofliggaam het 'n gewetenstaak hier op die Puk — en meer as 'n mooi glimlag is nodig om dit te voltooi.

Vertroue, gesonde verstand en harde werk, is al wat die A.O.B. se werk verrig sal kry. Dit, en nie die droom van 'n studentesentrum in 1990 nie.

---



**ESTER RUMPFF,**
1973, B.A. III.
1972: A.O.B. Interkoshuiskomitee.
Wapadredaksie — Add. lid.
A.S.B. Kongres — Waarneemster.
1973: A.O.B. Dinee-interteekomitee.
P.N.B. — bestuur.
Karnavalkomitee.
Onder primaria 'Kasteel Noord.

P.N.B.

Deur die student meer polities bewus te maak, d.m.v. die desentralisasie van P.N.B. aktiwiteite, spesifiek op koshuisbasis, kan ons onsself geestelik weer teen die invloed van vreemde ideologië. Die A.S.B. laat die Afrikaner student in hegte eenheid vorm, daarom onderskryf ek ten volle die huidige beleid van die A.S.B.

A.O.B.

Met behulp van positiewe kritiek en oorspronklikheid, afkomstig van elke student self, kan daar gepoog word om moderne en verbeterede ontspanning aan te bied vir die steeds groeiende studentetal aan die PUK. Bo genoemde stellings is alleen moontlik deur die uitlewing van 'n Christelike-Nasionelelewensbeskouing.

---



**MEJ. A. S. VAN DER WALT,**
1971, B.Sc. H.H.K. III.
1972: Bestuur van J.V. Thiatire.
1973: Kuesta — Reelingskomitee.
Sentrale karnavalkomitee.
A.O.B. Hoofbestuur.
K.V.V. selbestuur.
Onder primaria, Oosterhof.
1974: Sentrale Karnavalkomitee.

Omdat ontspanning so 'n belangrike deel uitmaak van 'n georganiseerde studentelewe, wil ek my, as dame, beywer vir 'n kragtige A.O.B. wat op 'n oorspronklike wyse vir ons mansen damesstudente dit kon bied wat hulle graag wil hê en wat sal wees 'n uitlewing van ons Christelike karakter en handhawing van ons leuse: ‚In U Lig", soos 'n gesonde studentegees dit alleen kan doen.

---




**J. S. VAN DER WALT (Kobus),**
1971, B.A. III.
1972: A.O.B.-hoofbestuur:
Spele komitee: Voorsitter.
Wapadredaksie: Sirkulasie bestuurder.
J.V.: Bestuur.
O/20 Rugby.
1973: A.O.B.-hoofbestuur:
Onder-voorsitter.
A.O.B.-hoofbestuur: S.R. Verteenwoordiger.
Karnavalkomitee: Voorsitter.
L.O. Vereniging: Voorsitter.
Geskiedenisvereniging: Voorsitter.
A.S.B. kongres: Afgevaardigde.
S.A.B.: Hoofbestuur.

In die huidige beslag van ons tudentelewe en veral hier op die PUK lê daar vir die Algemene Ontspannings Bestuur 'n wye terrein van werksaamhede wat tot op datum nog net 'n klein spektrum van gedek is. M.a.w. die veld lê braak en baie kan gedoen word. Om egter die teorie by die praktyk te bring is 'n moeilike taak. Ek is egter bereid om by beskikbaar te stel om hierdie studentegemeenskap in hierdie belangrike opsig te dien en stel my ten doel 'n dinamiese A.O.B. wat noodwendig 'n struktuur aanpassing moet ondergaan om meer vaartgelyn te kan funksioneer. 'n Gebalanseerde ontspanningsprogram is noodsaaklik aangesien baie min mense dieselfde smaak het — dus moet 'die A.O.B. iets vir almal bied op verskeie terreine.

Die huidige beleid van die S.R. ten opsigte van interuniversitêr en die A.S.B. onderskryf ek ten volle.

---



**DAWID WEYERS,**
H.N.O.D.
1972: Dagstudente bestuur.
A.O.B. Hoofbestuur.
1973: Dagstudente bestuur (voors.)
A.O.B. Hoofbestuur.
Dirigent.
Pluimbalklub bestuur.

Ons as Puk-studente het 'n voorreg om 'n doelgerigte lewensbeskouing hier te kan uitlewe. Kontak op ontspanningsgebied maak die dinge soveel meer moontlik. Omdat ontspanning 'n integrale deel van student-wees is, sal die positiewe benutting van u kritiek miskien bydra tot 'n aangenamer studentelewe. Ek sal poog om griewe en leemtes t.o.v. ontspanning uit die weg te ruim en beter en goeie ontspanning daar te stel.

## K.V.V.

**H B (BEN) CLOETE,**
1971, B.A.
1971: J.V. Afdelingsvoorsitter Cachet.
Organiseerder J.V. Theofilus.
Jeugblad „Die Bondsbode" — redaksie.
Potchefstroomse Simfonieorkes.
1972: J.V. Afdelingsorganiseerder Cachet.
Organiseerder J.V. Theofilus.
Voorsitter J.V. Theofilus.
Jeugblad „Die Bondsbode" — Administrateur.
Potchefstroomse Simfonieorkes.
1973: K.V.V.-Hoofbestuur.
Hulpprojekleier — Suidwes-Afrika.
Transvaalse Bondsbestuurslid van J.V.'s Jeugblad „Die Bondsbode" — Sub-redakteur.




In 'n tyd van ru-eerlikheid en blatante vraagtekens moet Korps in sy nimmerfalende leuse voorloop. Aantreklik, toonaan-ge wend en inklusief:

- Met steeds troue vingerwysing na die Lamp-vir-die-voet en Lig-vir-die-pad-rigsnoer . . . die Skrif.
- met 'n hand-uit-die-broek-sak-en-sweet-op-die-voorkop-getuienis wat 'n totstilstandruk kwaliteit besit.
- met 'n dankbaarheid-op-die-knieë-nederigheid.

In volstrekte swakheidsbesef, met oortuigde belydenis:
My beskeie diensleweig sal berus op algehele verwagting van God, my Lewenskrag.

---



**JAN DU PLESSIS,**
1969, Th. B.I.
1970: J.V. Bestuur.
1972: H.K. Toekoms.
1973: Primarius Toekoms.
Kuesta Hoofbestuur.
Korps V.V. Hoofbestuur.
J.V. Bestuur.

'n Grootse stap in die regte rigting is die nuwe werkswyse van Korps, naamlik om soveel studente as moontlik te vereik. Korps se werk kan in die volgende termyn nog dieper in die


MOTOLEK

Hierdie onderdele is by u plaaslike

MOTOLEK

verspreider verkrygbaar . . .

POTCH SPARES

Lombardstraat 39 - POTCHEFSTROOM - Tel. 6077, 4595

★

ELECTRICAL PARTS FOR JAPANESE CARS AND TRUCKS

motolek

studentelewe indring deur harde werk, om sodoende die Calvinistiese werklikheidsvisie en lewensstyl nog breër uit te dra. Soos na binne kan ons ook na buite werk. Dit kan ons doen deur ons steeds meer te beywer om die A.S.B. en sy werksaamhede te bevorder.

Mag Hy ons daartoe help.

---



**PAUL KRUGER,**
B.A. Honneurs 1970.

1970: K.V.V. en Volkspele.
1971: K.V.V. — Hoofbestuur.
K.V.V. — Hulpprojektekomitee.
Wapad — Sirkulasiebestuurder.
Skuur — Huiskomitee.
A.B.K.K. Interkoshuiskomitee.
Volkspele Toer, Kursus, kongres.
1972: K.V.V. — Hoofbestuur.
K.V.V. — Studiestrukredakteur.
Studiekring — Voorsitter.
K.V.V. — Opsteller nuwe struktuur.
T.S.V. — Propedeutekomitee.
A.S.B. — Kongreswaarnemer.
Wysgerige Vereniging — O/Voorsitter.
S.A.B. — Hoofbestuur.
1973: Studenteraad — K.V.V.
K.V.V. — Hoofbestuur (Dagbestuur).
K.V.V. — Kursusleier.
K.V.V. — Opstel nuwe grondwette.
Kuesta — Reëlingskomitee.
A.S.B. — Aktualiteitskursusganger, Mei.
A.S.B. — Kongresafgevaardigde en studiegroepleier.

Volgende jaar is Korps 80 jaar oud. Ek wil my gee om 1974 'n feesjaar te maak. Heel konkreet beywer ek my vir:

- Effektiewer selvergaderings, waar ons mekaar in die klein kring slyp
- Twee Hulpprojekte.
- Maandelikse studiestukke, gereelde vlugskrifte
- Bykomende naweek-korpsaksies
- Om hande te vat met KJV, HSV, JV en Calvinistiese verenigings.

Ek steun die A.S.B. Hy is egter so sterk as sy geaffilieerde Afrikaanse kampusse. Daarom moet ons op ons kampus self werk, van platvorms afklim en 'n lekker Puk-gees kweek. Beter ontspanning, veral oor naweke, kan baie hiertoe bydra.

In dit alles wil ek biddend stry vir die waarvoor die P.U. vir C.H.O. staan.

---




**MEJ. C. J. (INEKE) LINDHOUT,**
1972, B.A. II.

1973: K.V.V. Hoofbestuurslid.
1973/74: Korps-selleidster: Klawerhof.
1973: Huiskomitee: Klawerhof.
1973: A.S.B. Aktualiteiskursus. P.U.-korfbal. (Navorser: Instituut vir J.V.-leiding).

Ek wil my beywer om die taak van Korps nl. die handhawing en bevordering van die Calvinistiese werklikheidsvisie en lewensstyl te laat realiseer. Veral met die gedesentraliseerde Korps wil ek poog om verder deur daadwerklike leidinggewing die onderskeie selle ten beste te laat funksioneer. Ek wil deur my bydrae in die kleine te lewer, poog om die Korps te laat sprankel in sy werksaamhede. Ek wil graag dien . . . Ek besef egter my diepe afhanklikheid van God vir Sy krag en seën op ons werk.

---



**M SCHALEKAMP,**
B.A., Th.B. I., 1970.

1971: Reklame komitee, O/20 Rugby.
1972: Karnaval komitee. Thalia.

K.V.V. penningmeester. Florna.
1973: K.V.V. O/Voorsitter. Thalia voorsitter. Studenteraad.

Korps Veritas Vincet vier in die termein 1973/74 sy tagtigste bestaansjaar. In hierdie termyn wil K.V.V. toon dat hy nie stagnant geraak het nie maar elke dag spreek tot sy tyd. K.V.V. staan midde in die praktyk van die studentelewe. Dit is nie die terrein van K.V.V. om die moets en die moenies te bepaal nie. Daarom word alleen gepoog om die Calvinistiese lewens en werel beskouing uit te dra. Die hele lewensspektrum moet gedek word. Dit kan K.V.V. bereik deur voort te gaan met sy beleid van desentralisasie na elke koshuis en elke student. K.V.V. en die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. is onlosmaaklik aan mekaar verbonde.

Die A.S.B. is die mondstuk van die Afrikaanse student. Daar is in hierdie Bond nie plek vir mense wat wil katalisator speel nie. Hier praat die Afrikaanse student uit een mond. Ek skaar my ten volle by die A.S.B.

---



**FRANCOIS VAN WYK,**
B.Juris II, 1972.


1972: A.S.B.-kongres — waarnemer.
1973: Kuesta '73 Reëlingskomitee.
K.V.V. Hoofbestuur — Penningmeester.
P.N.B.-Bestuur.
A.S.B.-Kongres — waarnemer.
1974: Karnavlakomitee.
N.P.-Takvoorsitter.

Vandag, meer as ooit tevore, is dit noodsaaklik dat elke mens op lewensbeskoulike en politieke terrein deeglik verantwoord moet wees. Daarom moet

- Beide P.N.B. en K.V.V. 'n duidelike en praktiese boodskap na binne, en op verantwoordelike wyse ook na buite ons universiteit uitdra.
- P.N.B. sy aksies desentraliseer om ook in die kleiner koshuiskring menings te help vorm.
- Oorspronklike en doeltreffende metodes ontgin word om studente persoonlik te bereik, en nie bo hulle koppe verby te werk nie.

In Sy Lig!

---




**Z. C. VENTER,**
Th.B. I, 1970.

1971: Organiseerder — J.V. Deo Gloria.
1972: Voorsitter — J.V. Deo Gloria.

Bestuur — Wysgerige Vereniging.
Lid — Korps Studiekring.
1973: Voorsitter — J.V. Afdeling Cachet.
Selleier — Korpssel Liberalia.
Lid — Korps Hoofbestuur.
Lid — Korps Komissie i/s grondwette.
Lid — Krops Opleidingskomitee.
1974: Voorsitter — J.V. Afdeling Cachet.
Selleier — Korpssel Liberalia.
Lid — Korps Hoofbestuur.

Korps het 'n roeping (vandag meer as ooit te vore), eerstens op eie kampus en tweedens na buite. Korps is die antwoord om die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing 'n DAAD werklike betekenis te gee op ons eie kampus, maar ook buite. (Hier moet die A.S.B. die platform verskaf waar nie net op gepraat word nie, maar ook geDOEN word). In volle besef van my afhanklikheid en tekortkominge wil ek my dan langs hierdie weg beskikbaar stel om te WERK.

---



**L V D M (LANDMAN) VOGEL,**


1971: Penningmeester J.V. Afdeling Goeie Hoop.
1972: Penningmeester J.V. Afdeling Goeie Hoop.
1973: Voorsitter J.V. Eldad.
1973: Voorsitter Korpssel Thaba-Jah.
1973: Korps Hoofbestuur.
1973: Komitee i.s. grondwette van Korps.
1973: Korps Opleidingskomitee.
1974: Voorsitter Korpssel Thaba-Jah.

As iemand homself beskikbaar stel om vir een of ander studenteliggaam te staan, beteken dit dat hy homself bereid verklaar om studente te dien. Verklaar hy homself bereid om vir K.V.V. te staan, dui hy implisiet daarmee aan dat hy wil poog om die waarheidsbeginsel van die Calvinisme onder studente te bevorder. Dit is ook gladnie snaaks dat 'n liggaam soos Korps die **oudste** hoofliggaam aan 'n Christelike universiteit soos die P.U.K. is nie. Hiermee stel ek dan my diens tot beskikking van Korps en die P.U.K.-studente.

# P.N.B.

**QUINTUS PELSER,**
L.L.B. I, 1970.

1970: S.R.V.P.-bestuur.
1971: S.R.V.P.-bestuur.
P.N.B.-bestuur.
N.P.-penningmeester.
Volkspele - sekretaris.
A.O.B.-hoofbestuur.
Besembos-redaksie.
1972: P.N.B.-bestuur.
N.P bestuur.
N.P.-voorsitter en o-voors van Potchefstroomse Jeugkomitee.



Wapad-redaksie (S.R.-aangeleenthede).
Volkspele-sekretaris.
A.B.K.K.-hoofbestuur (Volkspele-verteenwoordiger).
1973: Studenteraad (P.N.B.).
P.N.B.-o/voors.
N.P. voorsitter.

**Beleidsverklaring:**

Ek stel my ten doel om:

**Intern** — diens aan alle studente op elke vlak van die georganiseerde studentelewe te lewer.


— die kweek van gesonde politieke denke deur P.N.B.-aktiwiteite.

**Ekstern** — Skakeling met Engelstalige en nie-blanke universiteite waar die behoefte bestaan.

— Skakeling met Afrikaanse universiteite deur die A.S.B. (ook met die A.S.B. geaffilieerde verenigings van Port Elizabeth en Stellenbosch).

— Die handhawing van die unieke posisie wat ons universiteit op inter-univeritêre vlak beklee.

---



**LOUIS PIENAAR,**
B.Juris. 1971.

1971: Bestuur Klub Montium.
1972: Hoofbestuur P.N.B.
A.S.B. Kongres — waarnemer.
1973: Sekretaris P.N.B.
Ondervoorsitter en Hoofkursusleier — Kuesta '73.
S.R.V.P. Bestuur.
A.S.B. Kongres waarnemer.
1974: O/Voorsitter, S.R.V.P.

Met die besef van die verantwoordelike taak wat op my skouers rus, stel ek myself diensbaar vir die Polities Nasionale Bestuur.

Gesonde menseverhoudinge, het 'n noodsaaklikheid geword in die tyd waarin ons ons vandag bevind. Dit kan alleen bereik, word deur sake objektief te benader sonder om perspektief te verloor.

Dit is dan die taak van die P.N.B. om die polities-nasionale belange van die student te behartig.

Juis deur hierdie kanaal wil ek poog om sake van belang te behartig en sodoende 'n deel by te dra om die student se polities-nasionale belangstelling te bevorder.

U kan gerus u bande versool by . . .




**GOLDEN WEST RETREADERS**

'N VOLLEDIGE BANDEDIENS ONDER EEN DAK!
**Groot Voorraad**

- **NUWE en VERSOOLDE bande Versoling nou ook verkrygbaar in die GOODYEAR G 800 loopvlak**
- **Nuutste toestel vir WIELSPORING en -BALANSERING.**

**LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM**

Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste pryse!



**JAPIE ROBBERTSE,**
L.L.B. I, 1970.

1972: A.S.B. bestuur — o/ voors.
Retoriese Vereniging (sekr.).
P.N.B. — (sekr.).
R.S.V.P. — Derdejaar verteenwoordiger.
1973: S.A.B. — (sekr.).
Konvenor Publikasiekomitee.
Die Wapad — Hoofredakteur.
1974: Voorsitter R.S.V.P.

Die doel van enige Studenteraadslid moet wees om die belange van die studentemassa wat hom gekies het op die hart te dra en te bevorder. Met hierdie doel voor oë stel ek myself verkiesbaar.

Aangesien dialoog die slagspreuk van die huidige bedeling is, glo ek aan die uitbouing van inter-universitêre, skakeling met die oog op die wisseling van denkrigtings sonder die prysgawe van eie beginsels.

Die A.S.B. beskou ek steeds as die organisasie van die Afrikanerstudent en ek onderskryf sy Christelik-Nasionale beginsels. Met die steeds groter wordende studentemassa sal 'n strukturele verandering van die S.A.B. in die vooruitsig gestel moet word.

Die taak wat ek vir P.N.B. sien is om studente polities te oriënteer om sodoende geestelik weerbaar te wees teen vreemde politieke ideologië.

**ESTER RUMPFF,**
Sien A.O.B.


**FRANS VAN DYK,**
Sien A.B.K.K.

**NEELS VAN NIEKERK,**
Sien S.A.B.

**FRANCOIS VAN WYK,**
Sien K.V.V.

# S.A.B.

## NATUURWETENSKAPLIKE SFEER




**A. POTGIETER.**
B.Sc. Farm. III.
Jaar van inskrywing: 1971.
1972: Skuur 1ste span rugby.
1973: P.A.S.V.-bestuur; Skuur Huiskomitee; Skuur 1ste span rugby.

**BELEID.**

Die doel van die Studenteraad is om die studentemassa te verteenwoordig. Dit is dan ook my beleid — om die sfeer waarvoor ek staan te verteenwoordig en hul stem op die Studenteraad uit te bring.

Laat ons eers die sake hier op ons eie kampus regkry voordat ons op ander terreine beweeg.



**M. C. (THYS) LABUSCHAGNE,**
1968, M.Sc. (Dierkunde).


1971: K.J.V.-bestuur.
1972: B.S.V.-Voorsitter.
S.A.B.
Montium (gewone lid).
Eiselen-leeskring.
1973: B.S.V.-voorsitter.
S.A.B.
Eiselen-leeskring.

Hiermee 'n poging om in menslike swakheid enkele riglyne te trek waarvoor ek my beywer:

1. Ondersoeke van die waarheid en ontmaskering van die valse in die Lig van Gods Woord.
2. Uitlewing van Christelike beginsels op alle lewensterreine.
3. Bevordering van studentebelange op akademiese en sosiaal-akademiese terrein. Vanaf hierdie spil waaier die verskeidenheid van take uit die eie-aard van die S.A.B.
4. Om 'n oorspronklike en goed gebalanseerde program aan te bied om die studente te trakteer.
5. Prioriteit verleen aan akademiese aktiwiteite, selfwerksaamheidsprogramme en oefening in die bekwaamheid om as denkende mens te soek na kennis.
6. Bevordering van kommunikasie met aanverwante liggame veral t.o.v. wedersydse introduksie, gedagteprikkeling en meningswisseling.

## LETTERKUNDIGE SFEER

**JOHANNES BINGLE,**
Sien A.O.B.



**REYKIE (F.J.) REYNECKE,**
1971, B. Comm.


1972: J.V. bestuur.
1973: S.A.B. hoofbestuur.
Ekonomiese vereniging. (voorsitter).
Tweedehandse Boeke Komitee.
K.V.V. hoofbestuur.
Waarnemer A.S.B. Kongres.
Afgevaardigde A.I.E. S.E.C. Kongres.
Huiskomitee — Skuur.

Dit is my strewe om aan 'n groeiende S.V.B. te bou. Vir dinamiese ontwikkeling is skakeling van groot belang. Met 'n groeiende studente massa se toenemende behoeftes, stel ek in die eerste plek onderlinge kontak tussen die verskillende verenigings. Ons moet eers ons eie mense dien.

Die P.U.K. moet met sy Calvinistiese beginsel as uitgangspunt, sy stem kragdadiglik na buite laat hoor. In die tweede plek dus eksterne skakeling. Dit streef ek na met hulp van Bo.

**JAPIE ROBBERTSE,**
Sien P.N.B.

**CAREL VAN HEERDEN,**
Sien S.S.B.



**C. K. (NEELS) VAN NIEKERK,**
1968, L.L.B.

1970: Regsvereniging Bestuur.
Hoofbestuur Nasionale Federasie van Regstudente.
1971: Regsvereniging Voorsitter.
Vise President Nasionale-Federasie van Regstudente.
Over de Voor Huiskomitee.
S.A.B. Bestuur.
A.B.K.K. Interkoshuis Komitee.
A.S.B. Regskongres Afgevaardigde.
1972: Over de Voor Huiskomitee.
A.B.K.K. Inter-koshuiskomitee.
A.S.B. Kongres afgevaardigde.
1973: P.U. Studenteraad.
S.A.B. Onder-voorsitter.
Voorsitter S.A.B. bevorderingskomitee.
Konvenor Los-publikasies.
A.S.B. Kongres-afgevaardigde.

Vanuit die beginselgrondslag waarop ons studenteraad berus naamlik dat dit 'n belange-behartigende en nie 'n verteenwoordigende studenteraad is nie, glo ek dat die volgende beleidsrigtings binne ons studentegemeenskap moet dien:


1. Die belange van die individu moet behartig word tesame met die van elke afsonderlike vereeniging en myns insiens ook die van elke koshuis.
2. Dat die Studente Raad nie alle inisiatief op die kampus moet monopoleer nie.
3. Dat die studenteraad nie 'n despotiese instelling onder die dekmantel van gesagsdelegering moet wees nie.

Ten slotte moet dit duidelik wees dat ek my neerlê by die beginsels van hierdie universiteit en verandering slegs voorstaan indien dit tot verbetering sal lei.

WAPAD
S.A.B.

**J. J. (KOOS) CLOETE**
Th.B. I.

1970: Penningmeester — Wysgerige Vereniging.
1971: Voorsitter J.V. Eldad.
Sekretaris — Wysgerige Vereniging.




1972: Waarnemer — A.S.B. Kongres.
1972/73: Reëlingskomitee — Kuesta '73.
1973: Huiskomiteelid — Piet Groblerhuis.

Ons leef in 'n tyd waarin die regse minderheidsgroep — ook op Universiteit — sy stem al duideliker moet laat hoor om nog hoorbaar te wees bo die sinnelose geskreeu van 'n ontkerstende wêreld.

In hierdie milieu het dit vir elke student op ons kampus nodig geword om op daadwerklike wyse ook sy stem suiwer te laat hoor.

Graag sal ook ek, indien ek verkies word, my roeping tot eer van God en tot voordeel van ons Universiteit wil vervul.



**J. G. B. VAN NIEKERK,**
1972, B.A. II.

1973: Ondervoorsitter van Geografiese vereniging.
Thalia.

Die Sentraal-akademiese Bestuur is as onderliggaam van die Studenteraad baie belangrik vir elke student, omdat die student nie net die vak of rigting waarin hy/sy studeer so gou as moontlik wil afhandel nie, maar in alle opsigte by die vak betrokke wil raak. As verteenwoordiger sou ek my beywer vir die betrokkenheid van elke Puk by die vereniging, en hul belange so goed moontlik probeer dien.

# S.S.B.




**CHARL CILLIERS,**
B.A. II.

1972: Krieketklubkaptein.
Eerste Krieketspan sedert 1970.
1973: Eerste Rugbyspan.
1972: Organiseerder P.G.D. Rugby.
1973: Intervarsity Reëlingskomitee.
1972: Lid, Bestuur S.A.U. Kriekettoernooi.
1972: Dagstudente Dagbestuur.

Deur te staan vir S.S.B. verklaar 'n mens jou bereid tot diens van sport. Om sport te dien moet 'n mens lief wees vir sport. Deurdat sport so 'n belangrike fasset van 'n student se lewe vorm sal ek dit my ten doel stel dat daar omgesien word na elke sportman se probleme en behoeftes.

Omdat koshuissport die voedingsbron van Universiteitssport is, moet alle moontlike aandag aan Koshuisligas bestee word.

Deur sport te beoefen verkry 'n mens 'n gesonde liggaam en 'n gesonde liggaam huisves 'n gesonde gees.



**J. D. S. (STEINMAN) DE BRUYN,**
1971, B.Comm. III.

1971: Tennisklubbestuur.
1972: Kine-Pukbestuur.
A.O.B.
Tennisklubbestuur.

**U het volop keuse in ons groot verskeidenheid**

- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTES
- EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

**PRO REGE-PERS BEPERK**
*„die potchefstroomse boekhandel"*


TOMSTRAAT 86 — TEL. 5236 — POTCHEFSTROOM

1973: Tennisklub Voorsitter en Kaptein.
Karnavalkomitee.
Kuesta Reëlingskomitee.

Sonder om valslik dweeperig te wees, om daardeur stemme te werf, verklaar ek onomwonde dat ek in alle swakheid poog om 'n Christen Afrikanerstudent te wees wat die hand van God in alles erken. Bewus van my afhanklikheid van my Skepper sal ek poog nie net om die belange van die onderskeie sportliggame te bevorder nie, maar ook om die Sentrale Sportbestuur as hoofliggaam meer funksioneel te laat optree. Veral sal ek poog om jong en minderbekende sportsoorte, veral op 'n koshuisbasis, meer onder die studente te bevorder.

As Afrikaner aan 'n Afrikaanse Universiteit sal ek ten alle tye poog om die belange van die A.S.B. te bevorder en verklaar ek heelhartig my steun aan die A.S.B.

---



SONJA KRUGER,
1971, B.Sc. Farmasie.


1972: Sekretaresse van die Tafeltennisklub.
1973: Sekretaresse van die S.A.U. Tafeltennis.
1973: H.K. van De Klerkhuis.

Aangesien sport al vir my so baie geleenthede en plesier in my lewe verskaf het, voel ek dit is my plig om weer iets aan sport terug te gee en nie altyd net te ontvang nie.

Ek dink ek kan dit doen deur administratief my deel by te dra sodat my medemens ook die geleentheid daartoe kan kry om in enige sportsoort wat binne sy vermoë is, te beoefen.

Daarom sal ek graag my dienste wil lewer tot die beste van my vermoë.

---



C. (CHARL) VAN DER MERWE,

1971. B.Proc. III.
1970/71: S.A. Junior kampioen hamergooi.
1971: S.A. rekord junior hamergooi.
Wes-Tvl. atletiek.
Internasionale byeenkoms.
S.A. Universiteite atletiekspan.
A.O.B.
1972: Wes-Tvl. atletiek.
S.A. Universiteite atletiekspan.
A.O.B.
1973: Wes-Tvl. atletiek.
S.A. Spele.
A.O.B.
P.N.B.
Atletiekbestuur sekretaris.
Huiskomitee Over de Voor.
1974: S.R.V.P. penningmeester.

Om vir hierdie Universiteit en sy studente tot diens te kan wees is 'n besondere geleentheid wat aan iemand gegun word) — wat nooit misbruik moet word nie — maar waarin jy ten alle tye net die beste moet gee vir die saak en die mense wie se belange daar verteenwoordig word.

M.b.t. inter-universitêre aangeleenthede behoort ons studente gebruik te maak van alle geleenthede wat ons gebied word vir skakeling met ander Universiteite op sportgebied sowel as dergelike studente aktiwiteite. Die funksie van die A.S.B. ten opsigte van ons as Afrikaner studente moet ten volle benut word om sodoende 'n hegte band onder Afrikaner studente te behou.

---

ERIC VAN DER WALT,
Sien A.B.K.K.

---



C. N. VAN HEERDEN (CAREL),

1969. B.Comm., L.L.B.
1971: Rugbykaptein Over de Voor.
1972: Bestuurslid Regsvereniging.
Huiskomitee Over de Voor.
Rugby Kaptein en Organiseerder Over de Voor.
1973: Voorsitter S.R.V.P.
Ondervoorsitter Skakelraad.
Primarius Over de Voor.
S.A.B. Hoofbestuur.
Puk II en Puk III Kaptein.
Konvenor van Bevorderingskomitee S.A.B.
Komitee vir ondersoek na die Onbetrokkenheid van Studente.

Die Studenteraad is 'n gelange behartigende liggaam en daarom moet die klem altyd val op die uitbouing van die belange van die studente. Sport is naas die akademie een van die belangrikste fasette van 'n student se aktiwiteite. Die vormingswaarde van sport kan nie oorskat word nie en daarom moet die S.S.B. dit onder andere as sy taak beskou om veral die geleenthede vir die minder talent volle sportmanne en -vroue uit te bou.


CITROËN GS




ALLE MODELLE CITROEN BESKIKBAAR BY:

KOLLEGE DIENSSENTRUM

HOEK VAN VON WIELLIGH EN PRESIDENTSTRATE

TELEFOON 5800 POTCHEFSTROOM


**STEM VROEG**

# PUKKE DUIK IN KAAP

Tydens die Junie vakansie het die P.U.-Onderwaterklub gewys dat hul paddaskoene reg pas vir onderwaterhokkie. Die geleentheid was die inter-universitêre onderwaterkampioenskappe wat in Kaapstad gehou is. ,

Die Pukke het al vier wedstryde wat hulle gespeel het, gewen. Die eindtellings was soos volg:

| | |
|---|---|
| Puk vs. Wits | 6—2 |
| Puk vs. Natal | 10—3 |
| Puk vs. Rhodes | 11—2 |
| Puk vs. U.C.T. | 18—0 |

In die visskietkompetisie het die Puk derde plek gedeel met U.C.T. terwyl Maties eerste en Natal tweede plekke ingepalm het. Weersomstandihede was nie gunstig nie, aangesien dit meestal gereën het, en die stormtoestande op die see het toestande nie verbeter nie. Siekte en beserings het ook toegeslaan. Die gevolg? Die Pukke kon nie aan die Scuba-wedstryde deelneem nie!

# LENS '73

Dit is die derde agtereenvolgende jaar wat die Skrywerskring van die P.U. vir C.H.O. hul eie digbundel uitgee. Vanjaar was die redakteur Johann Botha, 'n student in die regte, en die bundel se titel is "LENS 73".

'n Mens se reaksie op hierdie bundel kan goed saamgevat word in die woorde van een van die gedigte:

die dag tuimel oop
— in die swaai van 'n pendule —
tot singende lig.
(Johann Botha).

Woensdagaand 29 Augustus vind die amptelike bekendstelling van die bundel plaas met prof. T. T. Cloete, van die Afrikaans-Nederlandse Departement as eregas. Prof. Cloete het ook die gedigte gekeur, en hy sê: „Dit is goed dat die Pukke gereeld hulle eie bundel uitgee en dit is lofwaardig dat die Puk soveel bestendige talent het dat hy kan volhou om jaarliks so 'n bundel uit te gee.

Die werk van „LENS '73" is op 'n behoorlike peil en daar is 'n mooi verskeidenheid. Ons moet onthou dat dit die werk van jongmense en van beginners is maar as sodanig beskou, is ons daar trots op."

Die sketse in die bundel is gedoen deur Johan Bruwer en toon 'n interessante mengeling van surrealistiese en die argaise.

Die verse in die bundel is hoofsaaklik die rymlose, vrye vers waarvan 'n goeie voorbeeld in Erica Dollenberg se „Ek swaai oor jou glimlag" gesien word.

Benewens die vrye verse vind 'n mens ook die beoefening van streng vorme soos die haiku, bv. in „Melkweg" van Marais Venter:

**MELKWEG.**

Winternag: in 'n
bevore lug sien ek blou
ysterkristalle blink

Benewens korter gedigte in die bundel, is daar die interessante Nagmens"„ van Johan Bruwer, wat nie anders beskryf kan word as om dit en „digterlike happening" te noem nie.

Die Skrywerskring beoog om die digbundel elke jaar onder die titel "LENS" uit te gee ten einde bekendstelling uit te skakel. o

Die publikasie van hierdie bundel is moontlik gemaak deur finansiële bydraes deur die A.B.K.K. en die A.S.B.-komitee van die P.U. vir C.H.O. en is beskikbaar teen 50c per eksemplaar.

# MULDER

● Vervolg van bladsy 1.

nie. Die Afrikaanse student was nog altyd 'n kritiese denker wat verantwoordelik kan kritiseer.

**5. Studenteorganisasies:**

Wat studenteorganisasies betref voel ek my steeds tuis in die A.S.B. en onderskryf ek die Christelik-Nasionale beginsel met alles wat dit inhou. As Onder-President van die A.S.B. is ek ook in die posisie om my steeds meer en meer te beywer om die A.S.B. en die studentemassa nader aan mekaar te bring. Die A.S.B. bly immers 'n studenteorganisasie vir studente.

NUSAS het in sy huidige vorm vir my geen bestaansreg nie terwyl SASO 'n besliste noodsaaklikheid is mits die organisasie reg gekanaliseer kan word.

**6. Skakeling:**

Met terroriste op ons grense en baie binnelandse probleme is skakeling met anderstaliges en andersvolkiges vir my noodsaaklik. Die sakeling moet egter doelgerigte skakeling wees en die inligting so verkry moet met verslae en verslagvergaderings teruggeploeg word na die studentemassa.

Daar moet veral gepoog word om met gemagtigde Engelssprekende studente te skakel. Afgesien van SASO se houding t.o.v. kontak word skakeling steeds belangriker en is dit in belang van nie alleen die A.S.B. nie maar heel Suid-Afrika.

Voordat alle groepe egter nie Suid-Afrika as gemeenskaplikheid aanvaar nie is 'n oorkoepelende studente-organisasie myns insiens nie moontlik nie.

**7 Slot:**

Ek is trots daarop om 'n Afrikaner Puk te wees en voel my tuis aan die P.U. vir C.H.O. Ek sal daarna streef om my diensbaar te stel aan die hand van die reeds gestelde ruglyne en binne die raamwerk van my Christelik-Nasionale lewensbeskouing.

# SPREUK

Hoe dieper die verdriet in jou wese insny, hoe meer vreugde kan jy bevat.

*Gibran.*

die WAPAD

## Besin voor u stem


Volgende Woensdag is dit weer een van die hoogtepunte van die jaar 1973. Dan het ons as PUKKE weer die geleentheid om die manne aan te wys wat vir 'n volgende termyn aan die roer van sake gaan staan.

Die vraag ontstaan of ons bewus is van die verantwoordelikheid waarmee ons na die stembus gaan? Maak ons seker dat die regte persoon die belange van die studente op 'n verantwoordelike wyse sal kan bevorder? Die antwoord is net, besin eens 'n oomblik voordat u die kruisie maak.

Ons as studente moet besef dat ons 'n Studenteraad kry wat ons verdien. Daarom PUKKE, benader die verkiesing met 'n positiewe gees. As u stemreg het, gebruik dit en laat u u stem uitbring op die regte kandidaat.

PUKKE gesien in die lig van die hoë persentasie stemreg wat daar vanjaar bestaan, laat ons Woensdag in groot getalle opdaag by die stembus. Onthou dat dit nie slegs 'n reg is wat u besit nie, maar ook 'n plig om op hierdie wys aan die studentelewe te help bou.

Daarom: gebruik u stem, kom u plig na. Daarbenewens: stem verantwoordelik; stem gemotiveerd!



Mnr Pieter Mulder as speaker tydens cie studenteparlement

## NUWE VLAG VIR S.A.

Met klokkies wat lui en „parlementslede" wat geselsend dis Volksraad binnestap het P.N.B. se studenteparlement 'n aanvang geneem. Die wetsontwerp wat deur die regerende party ingedien is het gehandel oor 'n nuwe naam en vlag vir Suid-Afrika. Hewige bespreking het aan beide kante van die raad gevolg en die Speaker, mnr. Pieter Mulder, moes telkens die orde herstel. Na 'n uur en 'n half debat is die wetsontwerp tot stemming gebring. As gevolg van 'n staking van stemme tussen die partye is die gallery en gehoor se mening gevra waarna die wetsontwerp afgestem is.

Volgens die voorsitter van P.N.B., mnr. Pieter Mulder was die doel van die studenteparlement om die studente 'n kykie te gee in die parlementêre prosedure en interessante gebruike en tradisies van die parlement.

Mnr. Mulder het dan ook vooraf 'n kort praatjie oor die Parlement en sy tradisies gehou.

Studente wat die P.N.B.-aksie bygewoon het het die aand as baie interessant en suksesvol beskryf.

## Uit die Woord

**Hand. 8:19 en 20 Geld kan nie alles koop nie**

Daar bestaan 'n spreekwoord wat lui-Geld wat stom is maak reg wat krom is. As jy geld het, kan jy alles onder die son koop. Dit is 'n wanbegrip. Ons sien in die verse dat een van die baie dinge wat geld nie kan koop nie die gawe van God is.

Geloof is 'n gawe van God. Die geloof as gawe is die oog waarmee ons Hom sien en die oor waarmee ons sy stem hoor. Dit het God behaag om mense te gebruik om die evangelie te bring, sodat mense tot die geloof gebring kan word. Die Heilige Gees werk in die prediking en Hy wek so die geloof in ons harte.

Besef u hoe belangrik die prediking is? Hoe maklik maak ons soms nie 'n preek af om die teekan nie? Ons gaan nie vanaand Kerk toe nie, want dominee so en so preek vanaand. Kan u sien Hoe die gawe van God op die manier versmaad word? Die gawe is geskenk deur die genade van Jesus Christus en ons kan dit nie koop nie.

Kan ons saam met die apostel uitroep: Uit genade is ons gered.

## FIKA VAN RENSBURG

● Vervolg van bladsy 3.

Om boegenoemde te kan bewerkstellig is my beleid dat die studenteraad die verhouding met mede Afrikaners, anderstaliges en andersvolkiges handhaaf en uitbou. Ons is hier saam aan die suidpunt van Afrika geplant en hoe gouer ons samewerking kan bewerkstellig sonder onderskeie indentiteitsprysgawe, hoe beter sal dit vir ons en ons land wees — Dit alles sonder om te verval in 'n skakelmanie of indentiteitsloosheid.

2. *Ander plaaslike opvoedkundige inrigtings:*

Steeds sal ek alles in my vermoë doen om verhoudingetussen Puk en Pote te verbeter. Dit is goed dat 'n gesonde wedywerings gees bestaan, maar wedersydse nyd en naywer is sterk af te keur.

Aan die verhoudinge tussen Puk en die Landboukollege is veral baie te verbeter. Ek beoog om besondere aandag hieraan te gee en 'n einde aan die jarelange wan verhouding te maak.

3. *Afrikaanse Studentebond:*

Ook uit wat ek hierbo gesê het, blyk die onlosmaaklike band met die A.S.B. Op die A.S.B. kan ons as Afrikaanse kampusse saam werk en saam besin. Die afgelope termyn het ek persoonlik en ook die Studenteraad volle uitlewingsmoontlikhede binne die A.S.B. ervaar. Ek sal steeds onverbete meewerk in hierdie organisasie en die rigtinggewende deelname van die Puk verder uitbou.

4. *Nasionale Studentepolitiek:*

Soos reeds gesê beoog ek om op hierdie terrein die Pukstudenteraad 'n baie prominente rol te laat speel. Hierdie voorneme het reeds gestalte begin kry deurdat tydens 'n voorsitterskonferensie na die mislukte studenteraadskonferensie, dit so bewerkstellig is dat die Pukstudenteraad aan die einde van September hier op die kampus 'n voorsittersbyeenkoms aanbied. Hiertydens sal die nasionale studentepolitiek in oënskou geneem word en

● Vervolg in kolom 4.

### FIKA

● Vervolg van kolom 5.

besluit word op die moontlikheid en basis van samewerking en skakeling.

Dit kan vir die Afrikaner en in besonder vir die Puk 'n deurbraak wees.

**3. Ten Slotte:**

Die bedeling waarin ons leef is pregnant met die tekens van die tyd. As ons hierdie tekens reg lees, besef ons dat die tyd uitgekoop moet word. As soldaat van Christus en gelei deur die Heilige Gees stel ek my diensbaar.

## Eerstejaars gesels

**KORPS — „Kom ons gooi die S.R. uit!" was die onderwerp van bespreking tydens 'n K.V.V.-programvergadering vir eerstejaars, op Vrydag 10 Augustus**

Die aand was iniek in alle opsigte: Slegs eerstejaarstudente kon dit bywoon en geriewe teen, en idees oor die studentelewe kon na hartelus gelug word. Die bespreking is op 'n uitstekende manier gelei deur prof. Tjaart van der Walt.

Proefnemings wat met hierdie vergadering gemaak is, het geblyk besonder geslaagd te wees: Die byeenkoms is op 'n Vrydagaand gehou en is tog goed bygewoon; skuifies van Korps-hulpprojekte is vertoon en is aangevul deur klankopnames van dieselfde geleenthede; 'n uitstalling van goeie boeke en plakkate in die voorportaal, wat die werksaamhede van Korps uiteensit, het almal dadelik in die gees van Korps geplaas. Die spontane samesang tydens pouse en tot lank na die byeenkoms, het verder bygedra tot die sukses van die aand, wat toe sommer ter selfdertyd goeie naweekontspanning was!

Die Wapad word gedruk deur Carletonville Pers (Edms.) Bpk., Amethyststraat, Carletonville, Tvl. Posbus 406, Tel. 6184.

**DIE SDK-MAN KOM KAMPUS TOE!**

10, 11, 12 SEPTEMBER SENAATSAAL

Kom maak kennis met die SDK-man. En ontdek wat vandag se Staatsdiens u kan bied. Dinge soos 'n stewige salaris. 'n Ontsaglike werkverskeidenheid. Groot vooruitsigte. Ruim byvoordele. Merietebeurse van tot R800 per jaar vir voorgraadse of nagraadse studie. Kortom, 'n blink toekoms.

VOORUIT SAAM MET SUID-AFRIKA

VZ 73/8374

# THEO'S MAAK PLAN MET 'VRYSTAAT'

**DIE INTERVARSITY wat die Pukke kon gewen het teen die ..provinsiale'' span van die Kovsies. So kan verlede Saterdag se intervaristy '73 op Olenpark wat gelykop geëindig het met 6 punte elk opgesom word. Het die Pukke 'n kwartier voor die einde 'n maklike strafskop pale toe geskop en nie 'n kortskoppie gewaag nie het hulle straks 9—6 gewen.**

Al was die uitslag gelykop kan die tuisspan darem sê dat hy 'n drie gedruk het wat vervyf is teenoor die besoekers se twee strafdoele. Met rustyd was UV 3—0 voor.

Die eerste skof was sonder veel opwinding maar daardie laaste veertig minute was met spanning belaai. Van doellyn tot doellyn het die spel geswaai — dan was die een span en dan die ander op 'n nerf na deur om net daarna vir 'n kwartlynafskop terug te val.

Van die hele paar amperse drieë aan weerskante was Shoe Schutte se een diep in die tweede helfte die heel amperste. Hy was by die losbal soos 'n losvoorspeler kan droom om te wees.

'n Mens weet amper nie wat om eerste in verband met die wedstryd te noem nie. Die moordende pas van die voorspelers en die ewe meedoënlose verdediging van die driekwarte moet gelyktydig vermeld word.

In die vaste spel het die Pukke aanvanklik stewiger vertoon totdat die Kovsies halfpad deur die tweede helfte noodgedwonge 'n verskuiwing in hulle voorry aangebring het en in die lynstane na klaptaktiek verander het.

Toe het hulle 'n kritieke vasskop of twee gehaak en lynstaanballe gekry wat hulle andersins sou verloor het. Wanneer dit by die losspel gekom het was die twee agttalle ewe vaardig. Albei lostrio's het hulle opponenteskakels baie lastig geval met die drie Pukke so 'n rapsie hardwerkender.

Johnny Burger het nog 'n hoog-aangeskrewe stut (Daan de Wet) sy beperkinge deeglik laat besef.

Die Pukke se driekwarte het die gevaarlike Shimlasnellers pragtig aan bande gelê en hulle ritme versteur. Die Kovsies se agterlyn het dieselfde met die Pukke gedoen sodat beide losskakels op skoppe moes terugval.

Schalk van der Merwe was weer iets van 'n span op sigself en vir die Pukke byna kosbaar. Daar loop nie veel rugbyspelers van sy grootte en massa rond wat beter as hy is nie.


Piet Strydom het Willie de Bruin vroeg in die wedstryd kwaai rondgejaag maar hy het gou sy voete gevind en die laaste vesting breed volgestaan.

Die Kovsies het binne tien minute die voortou geneem met 'n maklike strafdoel deur Piet Strydom. Vir die res van die eerste helfte het die telbord stilgestaan hoewel albei kante benoude oomblikke beleef het.

Drie minute ná die hervatting het Piet Roodt weer as 'n speler vir die groot oomblik na vore getree. Hy het 'n skop onder druk afgestorm en as 't ware soos 'n Olimpiese duiker op die bal toegesak. Willie de Bruin het skitterend uit die hoek vervyf.

Die voorsprong van 6—3 was egter van korte duur want in die tiende minuut het Piet Strydom met 'n tweede strafdoel geslaag. Die laaste halfuur was verbete dog punteloos.

Alles in ag geneem was dit een van die Pukke se groot vertonings teen 'n gedugte kombinasie. Onder omstandighede was die gelykopuitslag dalk die bevredigendste afloop wat verlang kon word, die derde gelykopuitslag uit 33 botsings tussen die twee universiteite.




Teuns van Rensburg skop terwyl sy opponent Willem Strydom, in sy nek blaas. Die Pukke se losvoorspeler:, James Stofberg, Jim van Rensburg en slot Piet Brand is by om handjie by te sit.

## Krogman Presteer Oorsee

**GEDURENDE die Julie-vakansie het Andries Krogman 'n uiters geslaagde toer na België en Holland onderneem. Hy het 'n hele reeks puik vertonings gelewer, waarvan sy laaste twee wedlope sekerlik die beste was.**

In die voorlaaste wedloop van sy toer het hy oud-Puk, Fanie van Zijl se Suid-Afrikaanse 3 000 m rekord met 7 sekondes in die slag laat bly. Sy tyd was 7 min. 53 sek. en sodoende het hy die eerste Suid-Afrikaner ge-



word om die 3 000 m in minder as 8 min. af te lê. In die laaste wedloop van sy toer het hy die Suid-Afrikaanse rekord in die 10 000 m met 'n volle 26 sek. geslaan. Sy tyd van 28 min. 27 sek. is dan ook die vyfde vinnigste in die wêreld die afgelope jaar! Dit is voorwaar 'n voortreflike prestasie as 'n mens in ag neem dat hy met persone soos Willy Pollennis en Gastan Roelandts, albei is wêreldrekordhouers, in die proses afgereken het. Albei van bogenoemde atlete het na 6000 m tou opgegooi, omdat die pas vir hulle te warm was.

Benewens bogenoemde rekords het hy ook die vinnigste tyd van sy loopbaan behaal oor die 1 500 m, nl. 3 min. 47.1 sek.

Kroggie het tydens 'n onderhoud met *Die Wapad* gesê dat hy die toer baie geniet het en uiters leersaam gevind het.

Dit lyk asof dit nie meer lank gaan wees nie alvorens die Pukke ook 'n wêteldrekordhouer in hulle midde gaan hê. As Kroggie voortbou op hierdie reeks uitmuntende vertonings is dit net 'n kwessie van tyd voordat hy 'n wêreldrekord na die Puk toe bring.

## PUK VS. NATAL

Die Pukke en die Natalse Universiteit speel môremiddag (Woensdag) op Olënpark in die tweede rondte van die interuniversitêre rugbyliga teen mekaar. Die wedstryd begin om 4-uur en sal waarskynlik voorafgegaan word deur wedstryde tussen die eerste span van RAU en die Pukke se tweede span en 'n O/20 wedstryd tussen Weermag en die Pukke.

In die eerste ronde van die Universiteiteliga het die Pukke met Port Elizabeth afgereken. Natal met die einste Kovsies wat verlede naweek teen die Pukke gelykop gespeel het. Die span wat môre wen speel in die halfeinronde teen Rhodes en die span wat daar deurdring in die finaal vir die Ted Sealces-trofee teen die Tukkies.

Die Natallers is bekend daarvoor dat hulle die spel oopmaak en die Pukke sal moet uithang as hulle nie net soos die Kovsies teen die hardlopende groen truie oorrompel wil)word nie. Sonder twyfel gaan dit 'n puik wedstryd wees.

## Geluk Dup.

Nege oorwinnings uit tien wedstryde is 'n goeie prestasie. Dit is wat Dawie Dup vanjaar in die inter-koshuis rugbyliga gedoen het.

Daarom is dit vir my besonder aangenaam om Dawie Dup geluk te wens met hierdie prestasie. Namens Over de Voor en hulle rugbyspelers baie geluk aan Jo Enslin, Butch en sy manne.

FANIE GROBLER.
Klubkaptein Over de Voor.

## TWEEDE SPAN MORS MET IRAWAS

**DIE Pukke se tweede span het Saterdag op Olënpark 'n lang droogte van sowat agt jaar gebreek met 'n heuglike oorwinning van 13—10 oor die Kovsies se Irawas. Rustyd was hulle nog 3—7 agter.**

it was in die eerste plek Louw ...Rer en sy sewe mede-voorspelers wat die grondslag van die oorwinning gelê het. Die Navykaptein was nie net voor met die opdraf nie, maar hy het deurgaans vir sy span gewys wat die resep vir 'n sege is. Met hom as voorbeeld kon niemand swak speel nie.

Teen 'n agttal wat voortdurend druk uitgeoefen het moes die Irawas naderhand swig al het hulle deurgaans hard teruggeveg.

Die agterlyn het nie die goeie werk van die voorspelers gaan verbrou nie. Hulle het korrek en netjies gespeel met linkervleuel Capie van der Merwe se drie die resultaat van planmatige afwisseling. Heelagter Chris Kunz het gereeld by die driekwarte aangesluit en toe dit gelyk het of hy weer so wou maak is hy oorgeslaan en Van der Merwe was om sy man.

Hierdie was waarskynlik die aanskoulikste van die drie intervarsitywedstryde van Saterdag. Al twee spanne het verbeeldingryke rugby gespeel en verrassingsbewegings van stapel gestuur sonder om roekeloos te raak.

Koos Snyman en Capie/van der Merwe het elk 'n drie aangeteken. Philip Burger het 'n straf- en doelskop behaal.

BY VOORKEUR

Gebak deur

Turkstra

DIE KEURIGSTE GEBAK IN POTCHEFSTROOM

ONS LEWER AAN DIE UNIVERSITEIT